Radio, Kaapstad, 18 Okt. 1937.

Die Betekenis van die Groot Trek. (II)

191. Ra. 1 (1/1)

Dames en Here,

In my eerste praatjie oor die betekenis van die Groot Trek het ek o.a. daarvan melding gemaak dat daar reeds 'n honderd jaar sedert dié groot gebeurtenis verloop het, en dat ons dus nou die eeufees van die Trek beleef. Dit is met die oog hierop dat ek verkies het om oor hierdie onderwerp te praat. By daardie eerste geleentheid het ons by die ekonomiese betekenis stilgestaan; vanaand kan ons op die politieke of staatkundige betekenis let.

Die staatkundige betekenis van die Trek kan die beste begryp word as 'n mens dit na aanleiding van 'n paar hoofpunte ontleed. En die eerste punt is dan die betekenis ten opsigte van die Kaapkolonie.

Uitbreiding na die Suid-Afrikaanse binneland is byna so oud soos die Kaapse volksplanting self. Vanaf die eerste vryburgers tot ongeveer 1707 het hierdie uitbreiding langsaam gegaan; daarna met 'n versnelde tempo tot ongeveer 1779; en van toe af weer langsamer tot by die Groot Trek. Maar wat kenmerkend van hierdie vroeë uitbreiding is, is dat dit geleidelik plaasgevind het. Dit was hoofsaaklik die gevolg van die groeiende boerdery, en daaronder veral die veeteelt. Die boere het na nuwe weivelde gesoek, en gevolglik brei die blanke gebied op die spore van die kuddes uit. Dit was 'n normale en spontane uitbreiding van die klein blanke gemeenskap in Suid-Afrika; geen dwingende

faktore werk daartoe mee nie.

Die Groot Trek kenmerk 'n plotselinge en abrupte afwyking van hierdie soort uitbreiding. Nou het ons met 'n snelle, 'n doelbewuste uitbreiding te doen, wat amper meer die vorm van 'n volksverhuising aangeneem het, en binne enkele jare 'n enorme nuwe gebied onder beheer van die blankes gebring het. Die verskil met die vroeëre uitbreiding is duidelik en opvallend. Maar dis verklaarbaar as ons in gedagte hou dat die Groot Trek, nie soos die vorige uitbreiding, onder invloed van matige ekonomiese en klimatologiese toestande plaasgevind het nie, maar wel onder die druk van intense en swaarwigtige ekonomiese en politieke faktore.

Die groot uittog uit die Kaapkolonie het veral uit die oostelike distrikte gegaan - dit is vanhier dat verreweg die meeste Trekkers gekom het. In die jare twintig van die 19de eeu het enige duisende Britse immigrante hulle ook hier kom vestig. Hier in die ooste het dus vóór die Trek 'n minderheid van Engelse koloniste naas die groot meerderheid van Afrikaanssprekendes gewoon. Dit is aan die Trek te wyte dat die meerderheid van die Afrikaanssprekendes in hierdie dele verminder is, sodat die belangrikheid van die Engelse bevolkingselement relatief heelwat gestyg het. Hierteenoor was die res van die Kolonie nog steeds oorwegend Afrikaanssprekend, sodat dit verstaanbaar is dat die Oostelike Provinsie min of meer die Engelse deel van die land geword het, en dat hy hom in politieke aangeleenthede later nie altyd eensluidend met b.v. die Westelike

Provinsie uitgespreek het nie.

Die feit dat die Trekkers hoofsaaklik uit die oostelike distrikte gekom het, is ook in 'n ander opsig van belang. Die ooste was juis die gebied waar die Kaapse regering sedert 1779 met sy ernstigste probleem te kampe gehad het, nl. die Bantoeprobleem. Vóór die Groot Trek het die oosgrens nie minder as ses keer die verwoesting van Kafferoorloë beleef nie. Onder dergelike omstandighede was dit vir die regering van belang om in hierdie dele geharde mense te hê, wat die Bantoe prakties leer ken het en wat in staat was om hom die hoof te bied.

Sulke mense was die meeste oosgrensboere ongetwyfeld. Kol. Graham, wat tydens die vierde Kafferoorlog in die veld was, bevestig dit onomwonde. In Desember 1811 teken hy o.m. oor die boere onder sy bevel aan: "I never in my life saw more orderly, willing and obedient men than the Boers ......whenever they have been engaged they have behaved with much spirit and are always most ready and willing to go upon any enterprise".

Dit is sulke mensemateriaal wat die Kaapkolonie, en insonderheid die oostelike distrikte, as gevolg van die Trek verloor het. Dit lê voor die hand dat hulle vertrek 'n groot verlies vir die Kolonie moes gewees het; die verlies was des te groter omdat die reeds geteisterde gebied nou nog veel swakker agtergelaat is. Die Kaapse owerheid het die verlies gevoel, maar wat meer is, ook die Britse regering kon sy oë nie daarvoor sluit nie.

Dit bring ons dan nou by die betekenis van die Trek ten

opsigte van die Britse beleid in Suid-Afrika.

Die Trek het verskeie wysigings in die imperiale beleid in Suid-Afrika teweeggebring, en in hierdie wysigings het ons die bewys dat Engeland die Trekkerboere as Britse onderdane nie wou verloor nie. Die Britse outoriteite was baie teensinnig om die onafhanklikheid van die Voortrekkers te erken, en het hulle meegedeel dat hulle deur hulle emigrasie uit die Kaapkolonie nie hulle onderdaanskap aan die Britse kroon kon aflê nie.

Onder sulke omstandighede sou 'n mens verwag dat Engeland hulle sonder meer met die Britse gesag sou opvolg deur die gebiede wat hulle beset, tot Britse besit te verklaar. Dit gebeur egter nie, omdat Engeland in hierdie tyd teen uitbreiding van Britse gebied in Suid-Afrika gekant is en nie die verantwoordelikheid en koste daarvan wil onderneem nie. Daarom moes nou ander maatreels getref word, en sulke maatreels moes nogtans die Trekbeweging ontmoedig en die Trekkers direk of indirek onder beheer van die Britse regering hou.

Hierdie rigting sien 'n mens duidelik in die Cape of Good Hope Punishment Act en in die uitbreiding van die Verdragstelsel. Die Cape of Good Hope Punishment Act is deur die Britse parlement in 1836 gepasseer. Daarvolgens sou alle Britse onderdane suid van die 25ste graad suiderbreedte vir hulle optrede teenoor inboorlinge voor die Kaapse geregshowe aanspraaklik wees. Nou moet ons daaraan dink dat die Voortrekkers volgens die Britse opvatting

nog steeds Britse onderdane was, en dat die hele Natal, die hele Vrystaat en omtrent die helfte van Transvaal suid van 25 grade suiderbreedte lê. M.a.w. so lank die Voortrekkers in hierdie gebiede was, sou hulle wat betref hul optrede teenoor naturelle, onder jurisdiksie van die Kaapse howe val. 'n Mens kan dus begryp dat die Britse gesag, ooreenkomstig sy eie interpretasie van die Punishment Act, van mening was dat hy 'n handige middel gevind het om na gelang van omstandighede 'n sekere mate van praktiese jurisdiksie oor die Voortrekkers in die betrokke gebiede te laat geld.

Die uitbreiding van die Verdragstelsel toon verder aan hoedat die imperiale gesag die Trek aan bande probeer lê het. In 1834 is reeds 'n verdrag met die Grikwakaptein Andries Waterboer gesluit. Maar die eintlike uitbreiding van die stelsel met die oog op die Groot Trek volg in die jare 1843 en 1844 toe verdrae gesluit is met Adam Kok, 'n ander Grikwa-opperhoof, met Moshesh, die Basoetoe-opperhoof, en met Fakoe, die opperhoof van die Pondo's. Deur dié verdrae is die onafhanklikheid van hierdie opperhoofde erken en die onskendbaarheid van hulle gebiede neergelê. Die resultaat van die Verdragstelsel was dat daar ten noorde van die Kolonie 'n reeks van verdragstate gevorm is. In 'n aaneengeslote ry het hulle gelê vanaf Kheis al langs die Oranjerivier, dan oor die Drakensberge en tot aan die Indiese Oseaan. Daardeur sou die Trek uit die Kaapkolonie vanselfsprekend teengegaan word.

In verband met die Cape of Good Hope Punishment Act en die Verdragstelsel moet 'n mens natuurlik ook die filantropiese aspek

daarvan in aanmerking neem. By die begin was dit ongetwyfeld ook sterk die bedoeling van die Britse gesagvoerders om, na hulle mening, inboorlinge en ander gekleurdes te beskerm. Maar later - veral in die jare veertig - is beide maatreels in die praktyk gebruik om jurisdiksie oor die Voortrekkers te regverdig en hulle as Britse onderdane te behou, al het hulle hul ook reeds buite die Kolonie bevind.

Hiermee kom ons by die volgende punt, nl. die staatkundige betekenis van die Trek ten opsigte van die nuwe gebiede waar die Trekkers hulle gevestig het.

In hierdie verband is dit van belang om eers te let op enkele sinsnedes uit Piet Retief se bekende manifes - daardie welsprekende dokument waarin die Voortrekkerleier met treffende opregtheid en kalme waardigheid verduidelik waarom die Voortrekkers die Kolonie verlaat en wat hulle in die toekoms beoog. In die vyfde artikel verklaar Retief: "Ons is vasbeslote om, waar ons ook al gaan, die beginsels van geregtigheid en vryheid te handhaaf". En in die negende artikel lui dit weer: "Ons verlaat die Kolonie onder die volle versekering dat die Engelse regering niks meer van ons te vorder het nie, en dat hy ons sal toelaat om onsself vryelik te bestuur".

Met sulke verklarings voor ons is dit nie vreemd nie dat die Trekkers, reeds kort na hulle uittog uit die Kolonie, begin het om 'n demokratiese bestuur vir hulle in te rig. In Desember 1836 vind ons hulle by Thaba 'Nchu byeen waar die eerste Volksraad verkies is — dis, interessant genoeg, die eerste gekose wetgewende kollegie

in Suid-Afrika. En 'n paar maande later word daar 'n begin gemaak met die opstelling van die eerste Voortrekkergrondwet. Dit is betekenisvolle verwikkelings hierdie, omdat dit aantoon dat die Voortrekkers verligte, demokratiese denkbeelde met hulle saamgedra het en in die nuwe gebiede prakties uitgevoer het.

Maar dit was nog maar voorlopige maatreels; dit was die voorbereiding vir iets groters. Daardeur is die weg voorberei vir die stigting van Voortrekkerstate: eers die republiek in Natal, en daarna republieke in Transvaal en in die Vrystaat. U sien dit is een aspek van die staatkundige betekenis van die Trek dat demokratiese denkbeelde van die blanke beskawing nuwe terreine verower het, en dat demokraties-bestuurde state in uitgestrekte nuwe gebiede ontstaan het, waar voorheen vegtende inboorlingstamme - of soms slegs die wild van die vlaktes - die enigste inwoners was.

Dan, dames en here, moet ons ook nog kortliks let op wat die Trek vir Suid-Afrika in die algemeen beteken het. Dit kan natuurlik grotendeels uit die voorafgaande afgelei word.

Dit is aan die Trek toe te skrywe dat daar op politieke gebied — netsoos op ekonomiese gebied soos ek in die eerste praatjie probeer aantoon het — 'n groter blanke Suid-Afrika ontstaan het. In plaas van één blanke gebied, die Kaapkolonie, wat in 1836 ook nog nie so uitgestrek was soos dit vandag is nie, is daar ná die Trek vier geweste onder blanke bestuur. Waar die bestuur van die blankes buite die Kolonie nou ook in Natal, die Vrystaat en Transvaal gevestig is, beteken dit dat die blankes hulle houvas op die land

versterk het.

Ons moet daaraan dink dat die Afrikaanse Kontinent toe, nog baie meer as vandag, 'n swartmansland was, en dat die uitbreiding van die blanke gebied en die vestiging van blanke instellings in 'n groter deel van die suide 'n belangrike versterking van die posisie van die witman was. Voorheen moes die Kaapkolonie alléén die bedreiging vanweë die groot swart hinterland trotseer; nou is hy deur die nuwe geweste bygestaan, en die druk op die Kolonie het dus baie verminder.

'n Mens kon die staatkundige betekenis van die Groot Trek natuurlik baie grondiger uitwerk as wat ek vanaand hier gedoen het. Met opset het ek egter nie in besonderhede getree nie, omdat die tyd tot my beskikking dit nie toelaat nie en omdat ek slegs die hoofrigtings wou aanwys. Wat hierdie hoofrigtings betref, sien ons eerstens dat daar 'n drastiese afwyking in die tradisionele manier van uitbreiding uit die Kaapkolonie gekom het, en dat die geteis-[redacted]terde oostelike deel van die Kolonie 'n gevoelige verlies aan goeie mensekrag gely het. Verder merk ons op dat die Britse regering die verlies besef het, en dat hy getrag het om die Trekbeweging te ontmoedig en die Voortrekkers nog steeds as Britse onderdane te behou. Vervolgens dat die Voortrekkers hulle nietemin in nuwe gebiede gaan vestig het, waar hulle die stigters van demokratiese state geword het. Eindelik het dit geblyk dat die Groot Trek 'n veel groter blanke Suid-Afrika in die lewe geroep het, wat die witman 'n beter houvas op die land gegee het. Die verreikende staatkundige

betekenis van die Trek kan dus nie betwyfel word nie.

Dr. Claude Fuller, in sy mooi boek oor die trekroete van Louis Trigardt, noem die Groot Trek "one of those episodes from the chronicles of our older population that might well become the common heritage of Briton and Boer". Dit is bepaald goed gesien. In die Trek is daar iets groots en inspirerends, iets wat elke reggesinde Suid-Afrikaner - sowel Afrikaanssprekende as Engelssprekende - na waarde behoort te waardeer.

En nou, dames en here, bly daar nog die maatskaplike en kulturele betekenis van die Trek oor. Dit wil ek graag vir die volgende praatjie voorbehou.